

MTI ESTATE

Mirror Trading International (Pty) Ltd (In Liquidation)
Master's ref C906/2020

Liquidators:

Adriaan van Rooyen
Chavonnes Cooper
Herman Bester

Christopher Roos
Jacolien Barnard
Deidre Basson

Estate website:
www.investrust.co.za
www.tygerbergtrustees.co.za

3 NOVEMBER 2022

<p>IN RE: MIRROR TRADING INTERNATIONAL (PTY) LTD t/a MTI (IN PROVISIONAL LIQUIDATION) ("MTI")</p> <p>REGISTRATION NUMBER: 2019/205570/07</p> <p>MASTER REFERENCE NO: C000906/2020</p>
--

MTI-likwidateurs verwerp SAID se eis van R931 miljoen

Nadat die likwidateurs van Mirror Trading International belastingaanslae vir R931 miljoen van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) ontvang het, het die likwidateurs van dié onwettige kripto-skema belastingopgawes ingedien. Die resultaat van die opgawes wat deur die likwidateurs ingedien is, is dat daar geen belasting aan SAID verskuldig is nie. Dit is die eerste stap deur die likwidateurs om die proses van beswaarmaking teen die eise wat deur die SAID ingedien is te begin en is uitstekende nuus vir diegene wat geld verloor het nadat hulle bedrieg is. Die SAID het in Julie 2022 'n eis teen MTI op 'n vergadering van krediteure ingedien. Die bedrag van R931 miljoen is vir inkomstebelasting en boetes deur SAID geëis. Daar is toe gesê die likwidateurs het nie belastingopgawes ingedien nie. In 'n onlangse wending het SAID egter in 'n beëdigde verklaring van 26 Oktober 2022 gesê dit was die plig van die direkteure van MTI, as verteenwoordigers van MTI (die belastingpligtige), om die opgawes voor likwidasië in te dien. Dit is as gevolg van die versuim van MTI se bestuur, insluitend mnr. Clynton Marks, om die vereiste belastingopgawes in te dien dat die SAID boetes gehef het. Onder normale omstandighede kan die likwidateurs, nadat hulle 'n eis ondersoek het, by die Meester van die Hooggeregshof aansoek doen dat so 'n eis verwerp word. Wanneer 'n eis wat ondersoek word egter met

belasting verband hou, moet die likwidadeurs eers, ingevolge die Wet op Belastingadministrasie, deur 'n formele proses van beswaarmaking gaan. Waar die SAID wel aanslae op grond van skattings uitgereik het, soos die geval is in MTI, moet die likwidadeurs eers hul eie weergawe van die maatskappy se belastingopgawes indien voordat daar met 'n beswaarmaking-proses begin kan word. Op Vrydag 28 Oktober het die likwidadeurs belastingopgawes ingedien wat geen belasting aanspreeklikheid deur MTI aan die SAID reflekteer nie.

Die MTI-likwidadeurs gee verdere besonderhede oor sake met betrekking tot die R0-belastingaanspreeklikheid:

1. Van Augustus 2019 tot Oktober 2020 is bitcoin as kollateraal gebruik vir termynkontrakte in buitelandse valuta-pare. Van die 1846 bitcoin wat MTI in die tydperk op die FX Choice-platform verhandel het, het ongeveer 566 bitcoin verlore gegaan as gevolg van bogenoemde verhandelingsverliese. Die verlies van 566 bitcoin is gelykstaande aan R94 miljoen (die waarde destyds) wat nie deur die SAID oorweeg is in hul skattings nie, maar wel deur die likwidadeurs as 'n aftrekking by hul belastingopgawes ingesluit en geëis is.

2. In Desember 2020 het die MTI-skema ineengestort. Dit het duidelik geword dat die onderliggende sakemodel ontwerp en geïmplementeer is om diefstal en bedrog te pleeg deur die publiek te lok om hul bitcoin in 'n onwettige Ponzi-tipe/Piramide-beleggingskema te belê. Verskeie ander uitgawes en aftrekkings is nie deur die SAID oorweeg nie, wat die likwidadeurs wel afgetrek het. Die resultaat van die belastingopgawes wat deur die likwidadeurs ingedien is, is dat MTI 'n opgehoopde belastingverlies van R110 miljoen oor die toepaslike jare van aanslag gelyk het. Die gevolg is dat MTI, gebaseer op hierdie opgawes, geen belastingaanspreeklikheid teenoor die SAID vir die 2020 en 2021 se belastingjare het nie.

3. Intussen het van die sogenaamde wenners (baie beleggers wat meer bitcoin onttrek het as wat hulle belê het) begin om hul winste aan die boedel terug te betaal in óf bitcoin-oorplasings óf betaling van die bedrae wat deur die likwidadeurs geëis word. Dit kan daartoe lei dat baie meer bitcoin en/of fondse potensieel aan die likwidadeurs van MTI terugbesorg word.

Daar moet in ag geneem word dat indien die likwidadeurs met die besware met betrekking tot 2020 en 2021 se jaar van belastingaanslae slaag, daar inkomstebelasting verskuldig kan wees vir die 2022-jaar van aanslag, aangesien die likwidadeurs daarin geslaag het om die 1281 bitcoin gedurende Maart 2021 teen 'n buitengewone hoë waarde van gemiddeld

R850 000 per bitcoin te verkoop. Voor die likwidasië van MTI en kort nadat die likwidateurs die bitcoin verkoop het, was die gemiddelde bitcoin-prys nader aan 'n waarde van tussen R300 000 en R400 000. Daarom kan 'n mens verwag dat die bitcoin-verkope teen die prys hierbo genoem, steeds 'n belastingaanspreeklikheid tot gevolg kan hê, veral indien die besware deur die likwidateurs onsuksesvol is.

4. Sedert MTI gelikwideer is, is lede se eise ter waarde van ongeveer R1,3 miljard teen die insolvente boedel ingedien. Dié eise is nog nie almal aanvaar nie, want die likwidateurs wag op die uitslag van twee hangende aansoeke in die hooggeregshof in Kaapstad, wat onder meer sal bepaal hoe lede se eise gehanteer moet word.

5. Die verwagting is dat baie meer eise deur beleggers ingedien sal word as daar eers uitspraak in die hofverrigtinge is. Die likwidateurs (in samewerking met digitale forensiese ondersoekers en ouditeure) het die MTI Administratiewe Rapporteringstelsel (MARS) geskep om beleggers te help om vinnig inligting te bekom oor alle bitcoin wat deur elke belegger na MTI oorgedra is en alle bitcoin wat by MTI onttrek is, wat beleggers nodig het om hul eise voor te berei en in te dien. Beleggers wat toegang tot MARS wil verkry, kan die likwidateurs se kantoor kontak of 'n e-pos stuur na mticlaims@investrust.co.za

Uitgereik namens die gesamentlike likwidateurs van MTI
www.tygerbergtrustees.co.za
www.investrust.co.za